Laerskool Westwood
Tel: 011 894 6639/0 Faks: 086 556 6113
hoof@westwoodlaerskool.org.za
www.westwoodlaerskool.org.za
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg, 1462
Posbus 26744, OOS-RAND, 1462

# SKOOLREëLS

## 1. AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI

Een klok lui aan die begin van die skooldag. Wanneer die eerste klok lui, moet alle leerlinge in voogklasverband aantree op die aantreeblad of voor hul klasse, afhangende van die rooster.

By die aantrede, nadat die klok gelui het, is alle leerlinge stil en sodra die onderwyser op diens die sein gee, beweeg die leerlinge in klasverband na die klasse waar hulle moet wees.

## 2. AANTREDE BY DIE SAAL

By die aantrede vir saalgeleenthede beweeg die leerlinge flink vanaf aantreeblad na die saal. Daar heers absolute stilte wanneer die leerlinge die saal binnestap. Elkeen gedra hom/haar eerbiedig vir die saalgeleentheid.

## 3. AANDEEL IN DIE OPBOU EN INSTANDHOUDING VAN DIE TERREIN

Net soos elke mens trots is op sy persoonlike netheid, so moet hy ook trots wees op die netheid en ordentlikheid van sy omgewing. So moet elke leerling trots wees op die netheid van ons skoolterrein, die geboue, sportveld, blomme en struike. Dit is nie net die taak van die hoof en personeel nie, maar ook die taak van elke leerling om te help met die opbou en instandhouding van ons terrein.

## 4. AFKONDIGINGS

Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerlinge stil wees en luister wat gesê word.

## 5. AFSLUITING

Tydens die afsluiting van die skooldag in die klaskamer, moet alle leerlinge stil wees en met eerbied luister na die afsluitingsboodskap. Geen spelery en/of lawaai sal gedurende die afsluiting geduld word nie.

## 6. AFWESIGHEID

Leerlinge mag slegs weens siekte of om 'n ander geldige rede van die skool afwesig wees.

'n Leerling wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek, 'n brief van sy ouers tydens die registerperiode aan die klasonderwyser oorhandig, waarin die rede vir sy afwesigheid aangedui word. (Gebruik ook die dagboek). Indien 'n leerling langer as 2 dae afwesig is, moet 'n doktersertifikaat voorgelê word.

Gedurende skoolure word dringende verlof deur die hoof op 'n spesiale vorm verleen, in die geval van ernstige siekte, dood of begrafnis, besoek aan spesialis, ens. Geen leerling mag 'n ouer of iemand anders skakel om hom/haar gedurende skooltyd te kom haal, alvorens die nodige toestemming vanaf die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerling by die skool kom haal. Leerling wat afwesig is tydens 'n toets of eksamen moet die eerste dag wat dat hy/sy teenwoordig is, die toets of eksamen aflê.

Ongereelde skoolbesoek steur die leerling in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en onbevoegdheid. Net soos elke volwasse persoon 'n werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerling skoolgaan as sy daaglikse werk beskou en dit goed doen.

## 7. BALSPEL

Geen balspele mag onderdak of in die deurlope gespeel word nie. Geen balspele mag naby of teen mure plaasvind nie.

## 8. BESERING EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

Indien 'n leerling gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word. So 'n leerling mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as die ouers. Personeel is nie gemagtig om medikasie toe te dien nie. **Geen leerling mag self huis toe bel en sê dat hy/sy siek is nie.**

## 9. BREKASIE EN KWAADWILLIGE BESKADIGING

Geen skade of kwaadwillige beskadiging van privaateiendom of skooleiendom word toegelaat nie. Enige voorvalle moet onmiddellik by die hoof gerapporteer word. Die verantwoordelike persoon moet ook die koste dra.

## 10. EET GEDURENDE KLASTYD

Geen leerling mag gedurende klastyd of op die stoepe eet nie. Die onderwyser mag alle kos/lekkers of peuselgoed konfiskeer en buite die klaskamer plaas.

## 11. ELEKTRIESE INSTALLASIES

Geen leerling mag by skakelborde of elektriese installasies en / of met ligskakelaars peuter nie.

## 12. FIETSE / ROLSKAATSE / SKAATSPLANKE

Geen leerling mag op die skoolterrein met bogenoemde ry nie.

## 13. GEDRAG IN DIE KLASKAMER

Binne die klaskamer moet elke leerling sy uiterste bes doen om orde te handhaaf en sy deel by te dra dat die werk so vinnig moontlik kan vlot.

Leerlinge mag <u>geen speelgoed</u> saambring skool toe nie.

Leerlinge moet in die klaskamer bly staan totdat hulle deur die onderwyser gesê word om te sit.

Boektasse mag nie op die tafeltjies gesit word nie.

Leerlinge moet alle papiertjies ens. wat om hulle banke gemors het, optel en in die snippermandjie gooi wanneer hulle die klas verlaat.

Tafeltjies en stoeltjies moet in ordelike rye gelaat word.

Daar mag onder geen omstandighede op die meubels geskryf of gekrap word nie.

Geen leerling mag tydens lesure sonder 'n verlofbrief buite 'n klaskamer wees nie.

Geen leerling mag sonder toestemming van sitplek verwissel nie.

Daar mag nie gedurende lestyd gesels word nie.

Verkoop van goedere word belet.

Wanneer die hoof, 'n onderwyser of 'n besoeker die klas binnekom tydens 'n lesuur, moet alle leerlinge flink opstaan.

## 14. GEDRAG OP DIE TERREIN

Leerlinge moet nie laks wees in hulle houding nie, teen mure of pilare leun of met hande in die broeksakke staan of loop nie.

Leerlinge respekteer mekaar en geen gemene of vuil spel word toegelaat nie.

## 15. GEDRAG VAN ONS LEERLINGE TEENOOR ONDERWYSERS:

Ons moet ons onderwysers beskou as ons leermeesters en raadgewers, mense wat altyd bereid sal wees om ons leiding te gee. Hulle is ook die persone wat elke kind se vordering op elke terrein van ons skoollewe fyn dophou.

Van leerlinge word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor hulle onderwysers en hulle behoorlik te groet.

Van leerlinge word verwag om gehoorsaam te wees en daaglikse opdragte en huiswerk na die beste van hulle vermoë uit te voer. Van die leerders word verwag om hulle altyd ordentlik te gedra en so te sorg vir die goeie dissipline en orde van ons skool. Van die leerlinge word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor ons skool te wees

## 16. GEDRAG VAN ONS LEERLINGE TEENOOR ANDER LEERLINGE

Ons kry almal die geleenthede om die senior leerlinge van ons skool te word, en van ons juniors word verwag om die senior leerlinge die nodige respek en eerbied te betoon wat hulle waardig is. Ons verwag van ons juniors om goeie orde, gees en tradisies van ons skool na te kom.

Van alle leerlinge word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op verskillende terreine van die skoollewe. Leerlinge moet vriendelik en beleefd teenoor mekaar wees. Leerlinge moet verdraagsaam wees teenoor mekaar, nie onnodig kwaad word of van mekaar kwaad spreek nie. Leerlinge moet hulle uiterste bes doen in enige spanwerk hetsy sport of andersins, om nie sy maats of sy skool teleur te stel nie. Leerlinge moet mekaar berispe as hulle verkeerd doen. Leerlinge moet hulself altyd en oral gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou sal word. Nuwe leerders word vriendelik ontvang en laat hulle gou tuis voel.

**17. GRIMERING**

GEEN "lipglans", gekleurde “lip-ice”, maskara, oogomlyner, wangblos, onderlaag of enige ander grimering word toegelaat nie.

Die reël geld by alle skool-, sport- en kinetixdrag.

**18. HARDLOOP OP DIE STOEPE** Geen hardlopery op die stoepe of om draaie word toegelaat nie.

**19. HANDBOEKE**

Leerlinge moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word van 'n goeie oortreksel voorsien en oppas. As 'n boek verlore of beskadig raak, moet die vervangingskoste by die sekretaresse inbetaal en die kwitansie vir die vakonderwyser gegee word.

Titel en outeur van handboeke moet op die Handboeklys ingevul word sodra die boek ontvang is. Leerlinge en ouers moet die leenvorm invul en teken.

**20. HARE - SEUNS**

Geen vreemde hairstyle nie. Hare moet netjies geknip wees. Direk om die ore moet dit skoon geknip wees.

Dit mag nie die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.

Die nek moet skoon geknip wees vir minstens 3cm bokant die kraag. Hare moet skuins opgesny wees en geen lyn of "wal" vorm nie. Hare hier mag nie langer as 1,25cm wees nie. Die voorhoof moet oop en skoon wees. Indien hare vorentoe gekam word, mag dit nie die wenkbrou raak nie.

**HARE - DOGTERS**

Hare mag nie uitermatig van die kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.

Die hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie. Hare mag nie gekleur (kleursjampoe) of permanent gegolf word nie. Lang hare moet vasgemaak of gevleg word met maroen linte. Sien reël 58.

**21. HUISWERK**

Hier kry leerlinge die geleentheid om te leer om selfstandig te werk Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie.

Studie- en leerwerk is net so belangrik.

'n Pligsgetroue leerling sal nooit kan beweer dat hy geen huiswerk het nie. Werk wat in die klas gedoen word, moet by die huis oorgegaan word om seker te maak dat die leerling dit verstaan en ken.

Alle huiswerk moet in die huiswerkboek ingeskryf word by die datum wat dit gegee word as ook wanneer dit gereed moet wees.

Leerlinge word aangeraai om wyer te lees as hulle handboeke. Alle taalklasse het mini-biblioteke waar leerlinge boeke mag uitneem.

**22. HUISWERKBOEK**

Huiswerk moet elke dag neergeskryf word. Merk elke opdrag wat tuis voltooi is, sistematies om te kontroleer of alle huiswerk gedoen is.

**23. JUWELE**

Geen juwele soos ringe, armbande of kettings nie. Slegs gewone goue of silwer " studs" of ringetjies mag gedra word. Die ringetjies mag nie dik wees nie en moet ongeveer 5mm in deursnee wees. Slegs polshorlosies word toegelaat. Slegs een oorbel per oor in die gaatjie van die oorlel (onderste gaatjie). Slegs dogters.

Dogters mag net seëlringe dra. Medic-alert kentekens mag gedra word.

Seuns dra geen juwele of oorringe nie, slegs horlosies.

**24. KLASWISSELING**

Gedurende klaswisseling beweeg die leerders flink in rye na die volgende klas.

Die klasleidster stap voor en die klasleier heel agter die groep.

Niemand mag tydens klaswisseling die kleedkamers besoek nie.

Wag by die volgende klas totdat die onderwyser die klas toelaat om in die klas te gaan.

Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.

Tasse word nie op skouers of op die rug gedra nie. Leerlinge dra hulle tasse in hul hand, vir al op en af by trappe.

Stap altyd links, veral by die trappe waar kinders maklik kan seerkry.

**25. KLEEDKAMERS**

Die aangewese versoek is "Mag ek die kamer verlaat, asseblief?" Kleedkamers moet netjies skoon gehou word.

Niks mag in die kleedkamers ingedra word nie, veral nie kos nie. Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie. Slegs een leerling uit dieselfde klas, mag op ’n keer die kleedkamer tydens klastye besoek.

**26. ADMIN BLOK EN PERSONEELKAMER**

Die stoepgedeeltes om die Adminblok is stil gebiede. Geen leerling mag hier speel of lawaai veroorsaak nie.

**27. KOUGOM**

Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.

Geen kougomkouery mag plaasvind terwyl die leerder in sy/haar skooldrag geklee is nie.

**28. NAELS**

Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Geen naellak mag gedra word nie.

Daar sal in geen spesiale gevalle toestemming gegee word vir langer naels nie.

**29. ONTGROENING**

Geen ontgroening mag op die skoolterrein plaasvind nie.

Geen leerling mag op die skoolterrein beledig of geïnkrimineer word nie.

**30. STIPTELIKHEID**

Leerlinge moet betyds by die skool wees. Tydens saalbyeenkomste moet die laatkommers in elk geval in die saal ingaan. As die ander leerlinge reeds op ander dae in hulle klasse is, moet die leerlinge eers by die kantoor aanmeld, voordat hy/sy klas toe gaan.

**31. ONTVANGSPORTAAL**

Geen leerling mag die ontvangsportaal as 'n deurgang gebruik nie.

Leerling beweeg slegs deur die ontvangsportaal as hulle die sekretaresse wil gaan spreek.

**32. OORTREDINGS WAT GLAD NIE GEDULD WORD NIE**

Swak taalgebruik, baklei, lelike gesprekke, swak gedrag, stokkiesdraai, kwaadpraat van medeleerlinge, afskryf van huiswerk, slordige werk, laks houding, kougom, steel en onhoflike optrede.

**33. OPENING VAN DIE SKOOL**

Die skool begin dwarsdeur die jaar om 7:30. Opening vind in die klasse / saal plaas.

**34. OPTREDE IN DIE OPENBAAR**

Ons optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy in 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.

Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons in skooldrag is 'n advertensie van die skool en moet die skool se naam hoog hou.

Wees hoflik en vriendelik teenoor almal. Groet beleefd. Wees nederig en op jou plek. Sorg dat daar net met lof van ons gedrag, optrede en kleredrag gepraat word.

Indien 'n leerling hom/haar nie in die openbaar kan gedra nie, is dit jou plig om hom/haar dadelik te berispe en indien nodig, te rapporteer.

**35. PORNOGRAFIE EN ANDER EROTIESE MATERIAAL**

Geen pornografiese of ander erotiese materiaal mag op die skoolterrein gebring word nie.

Alle oortredings van die reël sal streng reaksie tot gevolg hê.

**36. POUSE**

Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie.

Groter leerling mag nie onnodig in die spele van die kleineres inmeng of hulle pla nie.

Daar mag nie naby motors gespeel word nie.

Geen klippe of ander moontlik gevaarlike projektiele mag gegooi word nie.

Niemand mag sonder verlof van die hoof die terrein verlaat nie.

Juniors en seniors bly op hulle onderskeie terreine.

**37. SELFONE IN DIE KLAS.** Geen leerling mag 'n SELFOON in die klas of tydens lesure gebruik nie.

**38. RAPPORTE /VORDERINGSVERSLAE**

Daar word gedurende elke kwartaal 'n rapport aan die ouers tydens oueraand gegee . (Na oueraand beskikbaar by ontvangs.) Hierdie rapporte moet deur die ouers geteken word. Geen rapport /vorderlingsverslag word aan leerling oorhandig nie.

**39. SKEURSTROKIES**

Alle skeurstrokies moet die volgende dag by die skool terug wees. Skeurstrokies moet deur die ouers geteken word. Alle inligting word op D6 uitgestuur. Ouers moet die toep aflaai en seker maak hul kry die inligting. Die skool maak ook gebruik van "google forms", indien u so 'n vorm moet voltooi, moet ouers dit asb so spoedig moontlik en binne die gegewe tydperk voltooi.

**40. SKOOLTERREIN EN ALGEMEEN**

Gedurende pouse word die leerlinge nie in die klaskamers, saal of die stoepe sonder verlof van 'n onderwyser toegelaat nie.

Elke leerling is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou.

Die gebou, meubels en apparaat moet opgepas word en met die nodige respek behandel word. Op die skoolterrein en in skooldrag mag nie gerook/ vape word nie. Die skool is 'n dwelm/rook/alkohol vrye area.

Elke leerling is self vir sy eiendom verantwoordelik. Verlore artikels moet by die kantoor ingegee word. Indien 'n leerling iets verloor het, kan in die houer by die kantoor gaan kyk vir verlore items.

Leerlinge is te alle tye verantwoordelik vir die netheid en sindelikheid van die skool en skoolterrein. Daarvoor is orals vullisblikke beskikbaar. By ons geld die reël : as ek enige rommel sien lê , tel ek dit self op, al het ek dit nie daar gegooi nie. As ek 'n persoon sien wat rommel strooi, spreek ek so 'n persoon aan.

Daar is gereelde klasdiens vir die skoonhou van die terrein onder toesig van die personeel op terreindiens.

Hierdie beleid geld ook by ons besoeke aan die terreine van ander skole. Leerlinge in leiersposisies moet altyd leerlinge benoem wat sal sorg vir vullisblikke by velde en die skoonmaak van die veld na die byeenkoms.

**41. SKOOLTYE** Die skooldag begin om 07:30 en sluit om 13:00. (Gr. 1 en 2) en13:30 (Gr. 3) en 07:30 – 13:45 (Gr. 4 – 7

**42. SKOOLVERLAAT**

Wanneer 'n leerling weet dat hy/sy die skool gaan verlaat, moet so 'n leerling 'n week voor die tyd by die sekretaresse aansoek doen om 'n oorplasings sertifikaat.

Die handboeklys moet ook omgestuur word na al die vakonderwysers wat moet teken dat die leerling se handboeke ontvang is en dat die leerling sy/haar gemerkte skrifte ontvang het.

**43. SLUITING** Die skool sluit daagliks om 13:45. Die skool word met gebed afgesluit oor die Interkom deur 'n Prefek.

(5 minute voor skool sluit).

**44. SPEELGOED**

Geen speelgoed, ingesluit balle, mag in die saal of klaskamers ingeneem word nie.

Geen band- of CD-spelers/ musiek "gadgets" of oorfone mag na die skool gebring word nie.

**45. SPEELTERREIN** Sien die terreindiensrooster vir die afbakening van die verskillende groepe se speelterreine.

**46. SPOT VAN MEDELEERLING.** Geen bespotting van medeleerlinge word toegelaat nie.

Geen byname mag aan enige leerling toegevoeg word nie.

**47. SPORTDEELNAME**

Dit is elke leerling se plig om eerstens vir sy skool deel te neem en daarna vir buite -instansies.

Dit is noodsaaklik dat elke leerling aan een of ander sportsoort sal deelneem.

**48. SPORTOEFENING**

Leerlinge moet betyds wees vir sportoefening. Die korrekte sportdrag word ook by sportoefeninge vereis.

Leerlinge sal nie toegelaat word om vir sportklere te bel nie.

**49. SKOOLDRAG**

Ouers word versoek om slegs die voorgeskrewe skooldrag wat by die amptelike leweransier beskikbaar is, aan te koop. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.

| **DOGTERS (Somersdrag)** | **DOGTERS (Wintersdrag)** |
|---|---|
| Grys **broekromp/cullotes** (slegs by verskaffer) | Grys **broekromp/cullotes** (slegs by verskaffer) |
| Skoolkouse met skoolkleure | Broekromp en grys/swart "broekiekouse" soos leweransiers verskaf |
| Broekies soos deur leweransiers voorsien | OF broekie en kouse met skoolkleure OF grys langbroek |
| Wit oopslaanhemp (verkieslik met wapen) | Wit langmouhemp met das |
| OF wit oopslaanhemp met moulose trui (Pullover) | Trui met skoolkleure / skoolbaadjie |
| Swart skoolskoene | Warm windjakker met skoolkleure / Swart skoolskoene |

LW . SWEETPAKKE EN DRI-MAC'S IS NIE DEEL VAN SKOOLDRAG NIE

| **SEUNS (Somersdrag)** | **SEUNS (Wintersdrag)** |
|---|---|
| Grys kortbroek | Grys langbroek |
| Wit oopslaanhemp (verkieslik met skoolwapen) | Wit langmouhemp met das |
| OF wit oopslaanhemp en moulose trui (Pullover) | Skoolkouse met skoolkleure |
| Skoolkouse met skoolkleure | Trui met skoolkleure / skoolbaadjie |
| Swart skoolskoene | Swart skoolskoene |
| | Warm windjakker in skoolkleure |

LW : SWEETPAKKE EN DRI-MAC'S IS NIE DEEL VAN SKOOLDRAG NIE

**SPORTDRAG** Soos verskaf deur F8 sportwinkel. Slegs die sportbroekie word by die leweransiers gekoop.

**KINETIXDRAG** Kinetixhemp (te koop by F8 sportwinkel op skoolgronde) en atletiekbroekie (te koop by leweransiers) Die seuns en dogters se atletiekbroekie verskil. Dogters kan broekromp aanhou bo-oor hulle kinetix seilbroek. Leerlinge kom kaalvoet skool toe of met tekkies. Indien tekkies gedra word moet leerlinge die sportkouse of die grys skoolkouse saam tekkies dra. Geen sweetpak word op die stadium vir skool gedra nie. In die winter mag die grys langbroek bo-oor die kinetix broek gedra word. Indien skoolklere bo-oor kinetix aangetrek word moet skoolskoene gedra word. Geen tekkies saam met skooluniform nie.

**50. TASSE**

Slegs voorgeskrewe seil- of leertasse of "caddy" tasse word toegelaat. Die tas moet stewig, met afskortings, en standaardgrootte wees. (Maksimum afmetings 40 x 25cm) Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming ontvang. Die tas moet ook netjies wees en mag nie afbreuk doen aan 'n leerlinge se voorkoms nie.

**51.** **TENNIS- EN NETBALBANE** Leerlinge mag slegs met seilskoene of tekkies op die bane gaan.

Tennisbane word nie sonder toestemming gebruik nie.

**52.** **TERREIN VERLAAT TYDENS SKOOLURE**

Niemand mag sonder die hoof se toestemming die skool terrein verlaat nie, pouses ingesluit.

Wanneer 'n leerling met verlof die skoolterrein verlaat, moet hy/sy eers aanmeld by die sekretaresse en die uittekenregister invul.

**53.** **TOEGANG TOT SKOOL**

Toegang tot die skool mag slegs deur die hekke geskied.

Geen leerling mag oor of deur enige heining of draad klim nie.

**54.** **TRAPPE**

Geen leerling mag op enige trappe hardloop nie. Geen hardlopery op die pawiljoen se trappe sal geduld word nie.

Wanneer leerders van trappe gebruik maak, moet hulle altyd links hou.

**55.** **VLOEK EN VUILTAAL (Sien ook nr. 32)**

Om te vloek is 'n uiters swak gewoonte. Geen vuil taal of vloekwoord word op die terrein toegelaat nie.

**57.** **VOORSKOOL SOGGENS**

Geen leerling mag voor skool in die klaskamer kom nie, behalwe die wat diens doen, of gereël het (maksimum van 3 leerders) en as die onderwyser in die klaskamer is. Geen leerling mag laat kom vir skool nie. Laatkommers se ouers moet die laatkom-register in die voorkantoor voltooi voor leerlinge deurgelaat sal word. Wanneer leerlinge by die skool aankom, moet hulle onmiddellik hulle tasse voor die klasse in netjiese rye neersit. Nadat tasse neergesit is, moet leerlinge onmiddellik weer die stoepe en trappe verlaat en na onderskeie speelterreine gaan.

Elektroniese speletjies, klimtolle, geraasmakers of enige ander speelgoed word nie by die skool toegelaat nie.

**58.** **VOORKOMS EN SKOOLDRAG**

Leerlinge moet altyd skoon en netjies gekleed wees. Skooldrag is verpligtend. Naels moet kort en versorg wees en die hare netjies. Die seuns se hare moet altyd netjies geknip wees. Die skool behou die reg voor om te besluit of 'n leerling se hare kort genoeg geknip is.

Alle dogters wie se hare oor die kraag hang, moet dit vasmaak. Slegs maroen linte en ‘n kombinasie van maroen, wit en navy “scrunchies” mag in die hare gedra word. Haarknippies kan maroen,wit,bruin of swart wees. **Geen geel haarbykomstighede.**

Leerling wat oor provinsiale kleure beskik kan slegs op Vrydae, die volle sweetpak of provinsiale hemp saam ‘n kinetixbroek, skool toe dra. Vir die res van die week word normale skooldrag gedra. Geen provinsiale leotards of dansuitrustings mag skool toe aangetrek word nie.